(2) (a) Indien die toetsbeampte vir bestuurderslisensies, na aanleiding van 'n aansoek in subartikel (1) genoem, oortuig is dat die aansoeker voldoende kennis van die padreëls, padverkeers-

Aansoek om voorlopige bevoegdheidsertifikaat.

Uitreiking van voorlopige bevoegdheidsertifikaat en leerlinglisensie.

traffic signs and the controls of a motor vehicle of the class concerned and is not disqualified in terms of section 61 from obtaining a learner's licence, such examiner shall issue a provisional certificate of competence on the prescribed form to the applicant.

(b) A provisional certificate of competence issued to the applicant in terms of paragraph (a), shall be valid for a period of twenty-one days from the date of the issue thereof, but shall not authorize the holder thereof to drive a motor vehicle, and such applicant may, within such period, submit such certificate to the registering authority concerned together with the fee payable for a learner's licence as provided for in Part VII of Schedule 2 to this Ordinance, whereupon such registering authority shall, subject to the provisions of subsection (3), issue to the applicant a learner's licence on the prescribed form in respect of the class of motor vehicle for which the application was made: Provided that a registering authority may refuse to issue any such licence if it is of the opinion that the applicant is disqualified from obtaining such licence.

(3) The registering authority shall affix to the learner's licence, in the space provided therefor, one copy of the photograph required in terms of section 62 (3) (b) and the applicant for such learner's licence shall sign both the learner's licence and the counterfoil or duplicate thereof in the presence of the person acting on behalf of such registering authority and such registering authority shall affix the other copy of such photograph to such counterfoil or duplicate.

(4) A learner's licence shall be valid for a period of six months from the date of the issue thereof.

(5) An examiner for drivers' licences who wilfully or negligently issues a provisional certificate of competence or any person who wilfully or negligently issue a learner's licence, contrary to the provisions of this section, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding two hundred rand or to imprisonment for a period not exceeding six months, or to both such fine and imprisonment.

Certificate
of com-
petence.

64. (1) The holder of a learner's licence who desires to obtain a driver's licence, shall apply on the prescribed form to the registering authority in whose area he permanently resides or, if he has no place of permanent residence, to any registering authority, for a certificate as to his competency to drive the class of motor vehicle to which his learner's licence refers and such application shall be accompanied by the fee provided for an examination for a certificate of competence in Part VII of Schedule 2 to this Ordinance.

(2) A certificate referred to in subsection (1) shall be known as a certificate of competence.

(3) Upon receipt of an application in terms of subsection (1), the registering authority shall return such application to the applicant and thereafter cause the applicant to be examined and tested by an examiner for drivers' licences in accordance with the provisions of this section, and for that purpose the applicant shall provide a motor vehicle which is of the class to which his application refers.

(4) For the purpose of an examination and test in terms of subsection (3), the examiner for drivers' licences shall require the applicant to submit to him the application referred to in subsection (3) together with two copies of a photograph of himself complying with the provisions

tekens en kontrolemiddels van 'n motorvoertuig van die betrokke klas het en nie ingevolge artikel 61 onbevoeg is om 'n leerlinglisensie te verkry nie, reik sodanige toetsbeampte aan die aansoeker 'n voorlopige bevoegdheidsertifikaat op die voorgeskrewe vorm uit.

(b) 'n Voorlopige bevoegdheidsertifikaat wat ingevolge paragraaf (a) aan die aansoeker uitgereik word, is geldig vir 'n tydperk van een-entwintig dae vanaf die datum van die uitreiking daarvan, maar magtig nie die houer daarvan om 'n motorvoertuig te bestuur nie, en sodanige aansoeker kan, binne sodanige tydperk, sodanige sertifikaat by die betrokke registrasie-owerheid indien tesame met die geld betaalbaar vir 'n leerlinglisensie soos in Deel VII van Bylae 2 by hierdie Ordonnansie bepaal, en daarna reik sodanige registrasie-owerheid, behoudens die bepalings van subartikel (3), aan die aansoeker 'n leerlinglisensie op die voorgeskrewe vorm uit ten opsigte van die klas motorvoertuig waarom aansoek gedoen is: Met dien verstande dat 'n registrasie-owerheid kan weier om enige sodanige lisensie uit te reik indien hy van mening is dat die aansoeker onbevoeg is om sodanige lisensie te verkry.

(3) Die registrasie-owerheid heg aan die leerlinglisensie, in die ruimte daarvoor voorsien, een afdruk aan van die foto ingevolge artikel 62 (3) (b) vereis en die aansoeker om sodanige leerlinglisensie teken sowel die leerlinglisensie as die teenblad of duplikaat daarvan in die teenwoordigheid van die persoon wat namens sodanige registrasie-owerheid optree en sodanige registrasie-owerheid moet die ander afdruk van sodanige foto aan sodanige teenblad of duplikaat aanheg.

(4) 'n Leerlinglisensie is geldig vir 'n tydperk van ses maande vanaf die datum van die uitreiking daarvan.

(5) 'n Toetsbeampte vir bestuurderslisensies wat opsetlik of nalatig 'n voorlopige bevoegdheidsertifikaat uitreik of enige persoon wat opsetlik of nalatig 'n leerlinglisensie uitreik, in stryd met die bepalings van hierdie artikel, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens tweehonderd rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande of met sodanige boete sowel as sodanige gevangenisstraf.

64. (1) Die houer van 'n leerlinglisensie wat 'n bestuurderslisensie wil verkry, moet by die registrasie-owerheid in wie se gebied hy permanent woonagtig is of, as hy geen permanente woonplek het nie, by enige registrasie-owerheid, op die voorgeskrewe vorm aansoek doen om 'n sertifikaat aangaande sy bevoegdheid om die klas motorvoertuig te bestuur waarop sy leerlinglisensie betrekking het en sodanige aansoek moet vergesel gaan van die geld wat vir 'n ondersoek vir 'n bevoegdheidsertifikaat in Deel VII van Bylae 2 by hierdie Ordonnansie bepaal word.

(2) 'n Sertifikaat in subartikel (1) genoem, staan bekend as 'n bevoegdheidsertifikaat.

(3) By ontvangs van 'n aansoek ingevolge subartikel (1), gee die registrasie-owerheid sodanige aansoek aan die aansoeker terug en daarna laat hy die aansoeker deur 'n toetsbeampte vir bestuurderslisensies ondervra en toets ooreenkomstig die bepalings van hierdie artikel en vir dié doel moet die aansoeker 'n motorvoertuig voorsien van die klas waarop sy aansoek betrekking het.

(4) Vir die doel van 'n ondervraging en toets ingevolge subartikel (3), moet die toetsbeampte vir bestuurderslisensies van die aansoeker vereis dat hy die aansoek in subartikel (3) genoem, tesame met twee afdrukke van 'n foto van homself wat aan die bepalings van artikel 62 (3) (b) voldoen, by hom indien en sodanige toetsbeampte moet

Bevoegd-
heid-
sertifikaat.

of section 62 (3) (b) and such examiner shall, by observation, inquiry and practical test and in accordance with any manual issued by the Administrator, satisfy himself that the applicant—

- (a) holds a learner's licence of the class in respect of which his application is made;
- (b) knows and understands all road traffic signs;
- (c) has a sound knowledge of the rules of the road and the different signals which a driver of a motor vehicle is required to give when driving on a public road;
- (d) is not subject to any disqualification mentioned in section 61;
- (e) can unaided—
 - (i) start the motor vehicle concerned and thereafter put such vehicle in motion in a reasonably quick time and, while such motor vehicle is in motion, maintain an accurate course;
 - (ii) make right-hand and left-hand turns correctly with such motor vehicle;
 - (iii) stop such motor vehicle within a reasonable distance when travelling at various speeds and that in an emergency such applicant will be able to apply the brakes of such motor vehicle promptly and effectively;
 - (iv) operate all controls of such motor vehicle competently and without moving from the driver's seat;
 - (v) give all prescribed driving signals in a clear and unmistakable manner;
 - (vi) except in the case of a motor vehicle not fitted with a reverse gear, cause such motor vehicle to proceed backwards in reverse gear for a reasonable distance and make a left-hand and right-hand turn in reverse gear into an indicated position;
 - (vii) in a narrow road turn the motor vehicle round so as to proceed in the opposite direction; and
 - (viii) on a gradient of at least one in fifteen but not steeper than one in ten, stop such motor vehicle, keep it stationary and move off with it; and
- (f) is generally capable of driving a motor vehicle of the class to which the application relates.

(5) If the examiner for drivers' licences is satisfied in terms of subsection (4), he shall—

- (a) issue to the applicant a certificate of competence on the prescribed form in respect of the class of motor vehicle to which the applicant's learner's licence relates and, where the applicant complies with the requirements of subsection (4) (d) while wearing glasses, an artificial limb or other physical aid, such examiner shall endorse the certificate accordingly;
- (b) return to the applicant his application form;
- (c) require the applicant to sign the certificate of competence in his presence; and
- (d) endorse on the back of both copies of the photograph referred to in subsection (4), the name of the applicant and shall date and sign each such endorsement.

hom deur waarneming, navraag en praktiese toets en ooreenkomstig enige handleiding deur die Administrateur uitgereik, daarvan oortuig dat die aansoeker—

- (a) 'n leerlinglisensie hou van die klas ten opsigte waarvan sy aansoek gedoen word;
- (b) alle padverkeerstekens ken en verstaan;
- (c) 'n grondige kennis van die padreëls het asook van die verskillende seine wat 'n bestuurder van 'n motorvoertuig moet gee wanneer hy op 'n openbare pad bestuur;
- (d) nie onderworpe is aan enige onbevoegdheid in artikel 61 genoem nie;
- (e) sonder hulp—
 - (i) die betrokke motorvoertuig aan die gang kan sit en sodanige voertuig daarna redelik vinnig in beweging kan bring en, terwyl sodanige voertuig in beweging is, 'n akkurate koers kan hou;
 - (ii) korrek regsom en linksom met sodanige motorvoertuig kan draai;
 - (iii) sodanige motorvoertuig binne 'n redelike afstand tot stilstand kan bring wanneer hy teen verskillende snelhede ry en dat sodanige aansoeker in 'n noodgeval die remme van sodanige voertuig onmiddellik en doeltreffend sal kan aanslaan;
 - (iv) alle kontrolemiddels van sodanige motorvoertuig vaardig kan hanteer en sonder om uit die bestuurder se sitplek te beweeg;
 - (v) alle voorgeskrewe bestuurserne op 'n duidelike en onmiskenbare wyse kan gee;
 - (vi) behalwe in die geval van 'n motorvoertuig sonder 'n trurat, sodanige motorvoertuig 'n redelike afstand in trurat agteruit kan laat loop en links om en regs om in trurat by 'n aangeduide plek kan indraai;
 - (vii) met die motorvoertuig in 'n nou pad kan draai om in die teenoorgestelde rigting te gaan; en
 - (viii) teen 'n helling van minstens een op vyftien maar hoogstens een op tien, sodanige motorvoertuig tot stilstand kan bring, stilstaande kan hou en daarmee kan wegtrek; en
- (f) in die algemeen bekwaam is om 'n motorvoertuig van die klas waarop die aansoek betrekking het, te bestuur.

(5) As die toetsbeampte vir bestuurderslisensies ingevolge subartikel (4) oortuig is, moet hy—

- (a) aan die aansoeker 'n bevoegdheidsertifikaat op die voorgeskrewe vorm uitreik ten opsigte van die klas motorvoertuig waarop die aansoeker se leerlinglisensie betrekking het en, waar die aansoeker aan die vereistes van subartikel (4) (d) voldoen met behulp van 'n bril, 'n kunsledemaat of ander liggaamlike hulpmiddel, moet sodanige toetsbeampte die sertifikaat dienoreenkomstig endosseer;
- (b) aan die aansoeker sy aansoekvorm teruggee;
- (c) van die aansoeker vereis om die bevoegdheidsertifikaat in sy teenwoordigheid te onderteken; en
- (d) agterop albei afdrukke van die foto in subartikel (4) genoem, die naam van die aansoeker endosseer en elk sodanige endossement dateer en onderteken.

(6) A certificate of competence shall be valid for a period of three months from the date of its issue but shall not authorize the holder thereof to drive a motor vehicle.

(7) An examiner for drivers' licences who wilfully or negligently issues a certificate of competence contrary to the provisions of this section, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding two hundred rand or to imprisonment for a period not exceeding six months, or to both such fine and imprisonment.

Issue of driver's licence.

65. (1) The holder of a certificate of competence may, within three months from the date of its issue, apply to the registering authority which issued such certificate, for a driver's licence of the class to which such certificate of competence relates and such application shall be accompanied by—

- (a) the application in respect of such certificate of competence;
- (b) such certificate of competence and the photographs referred to in section 64 (5) (d), duly endorsed; and
- (c) the appropriate fee provided for in Part VII of Schedule 2 to this Ordinance.

(2) Where a licence already held by the applicant will be superseded by the driver's licence for which application is made, the applicant shall surrender such first-mentioned licence to the registering authority and such registering authority shall retain and cancel such licence, and, if such licence was not issued by such registering authority, forward it to the competent authority which issued it.

(3) Upon receipt of the documents and fee referred to in subsection (1), the registering authority shall issue a driver's licence on the prescribed form in respect of the class of motor vehicle for which the certificate of competence was issued to the applicant concerned, and shall—

- (a) endorse on such driver's licence a copy of every endorsement lawfully made upon a licence surrendered in terms of subsection (2), unless any such endorsement has lapsed in terms of section 72 or otherwise;
- (b) record on such driver's licence any endorsement made on the certificate of competence concerned in terms of the provisions of section 64 (5) (a) and such endorsement shall be a condition of the issue of such licence;
- (c) affix on such driver's licence, in the space provided therefor, one copy of the photograph referred to in subsection (1) (b) and the applicant shall sign both the driver's licence and the counterfoil or duplicate thereof in the presence of the person acting on behalf of the registering authority; and
- (d) retain the other copy of the photograph referred to in subsection (1) (b) as portion of its records:

Provided that a registering authority may refuse to issue any such licence if it is of the opinion that the applicant is disqualified from obtaining such licence or is not competent to drive the class of motor vehicle concerned.

(4) (a) A registering authority shall keep a suitable register or record in alphabetical groups of all persons to whom drivers' licences have been issued by it.

(6) 'n Bevoegdheidsertifikaat is geldig vir 'n tydperk van drie maande vanaf die datum van die uitreiking daarvan maar magtig nie die houer daarvan om 'n motorvoertuig te bestuur nie.

(7) 'n Toetsbeampte vir bestuurderslisensies wat opsetlik of nalatig 'n bevoegdheidsertifikaat in stryd met die bepalings van hierdie artikel uitreik, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens tweehonderd rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande of met sodanige boete sowel as sodanige gevangenisstraf.

65. (1) Die houer van 'n bevoegdheidsertifikaat kan, binne drie maande vanaf die datum van die uitreiking daarvan, by die registrasie-owerheid wat sodanige sertifikaat uitgereik het, aansoek doen om 'n bestuurderslisensie van die klas waarop sodanige bevoegdheidsertifikaat betrekking het en sodanige aansoek moet vergesel gaan van—

Uitreiking van bestuurderslisensie.

- (a) die aansoek ten opsigte van sodanige bevoegdheidsertifikaat;
- (b) sodanige bevoegdheidsertifikaat en die foto's genoem in artikel 64 (5) (d), behoorlik geëndosseer; en
- (c) die toepaslike geld in Deel VII van Bylae 2 by hierdie Ordonnansie bepaal.

(2) Waar 'n lisensie wat alreeds deur die aansoeker gehou word, vervang sal word deur die bestuurderslisensie waarom aansoek gedoen word, moet die aansoeker sodanige eersgenoemde lisensie aan die registrasie-owerheid oorlewer en sodanige registrasie-owerheid behou sodanige lisensie en trek dit in, en, indien sodanige lisensie nie deur sodanige registrasie-owerheid uitgereik is nie, stuur hy dit aan die bevoegde gesag deur wie dit uitgereik is.

(3) By ontvangs van die dokumente en geld in subartikel (1) genoem, reik die registrasie-owerheid 'n bestuurderslisensie op die voorgeskrewe vorm uit ten opsigte van die klas motorvoertuig waarvoor die bevoegdheidsertifikaat aan die betrokke aansoeker uitgereik is, en—

- (a) endosseer hy op sodanige bestuurderslisensie 'n afskrif van elke endossement wat wettiglik aangebring is op 'n lisensie wat ingevolge subartikel (2) oorlewer is, tensy enige sodanige endossement ingevolge artikel 72 of andersins verval het;
- (b) teken hy op sodanige bestuurderslisensie enige endossement aan wat op die betrokke bevoegdheidsertifikaat ingevolge die bepalings van artikel 64 (5) (a) aangebring is en sodanige endossement is 'n voorwaarde van die uitreiking van sodanige lisensie;
- (c) heg hy aan sodanige bestuurderslisensie, in die ruimte daarvoor voorsien, een afdruk aan van die foto in subartikel (1) (b) genoem en die aansoeker onderteken sowel die bestuurderslisensie as die teenblad of duplikaat daarvan in die teenwoordigheid van die persoon wat namens die registrasie-owerheid optree; en
- (d) behou hy as deel van sy rekords die ander afdruk van die foto in subartikel (1) (b) genoem:

Met dien verstande dat 'n registrasie-owerheid kan weier om enige sodanige lisensie uit te reik indien hy van mening is dat die aansoeker onbevoeg is om sodanige lisensie te verkry of onbekwaam is om die betrokke klas motorvoertuig te bestuur.

(4) (a) 'n Registrasie-owerheid hou 'n geskikte register of rekord in alfabetiese groepe van alle persone aan wie hy bestuurderslisensies uitgereik het.

(b) A registering authority shall record in the register or record kept by it in terms of paragraph (a), particulars of all convictions by and orders of any court affecting a driver's licence issued by such registering authority, and of any suspension, cancellation or endorsement of any such licence in terms of or recognized by this Ordinance of which it has knowledge.

(5) Any person who contravenes or fails to comply with the provisions of subsection (2) shall be guilty of an offence.

(6) Any person who wilfully or negligently issues a driver's licence or effects an endorsement thereon contrary to the provisions of this section, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding two hundred rand or to imprisonment for a period not exceeding six months, or to both such fine and imprisonment.

Special learner's or driver's licence for tractor used in connection with farming operations.

66. (1) Notwithstanding those provisions of section 63 relating to road traffic signs and the provisions of section 64 (4) (b), a person who is in the employ of a bona fide farmer may, in accordance with the provisions of this Chapter, but subject to the provisions of subsection (2), obtain a learner's or driver's licence in respect of a tractor, subject to the following conditions:

(a) Any such licence shall only be valid in such magisterial district or in such adjoining magisterial districts, not exceeding three, as may be applied for by the applicant; and

(b) any such licence shall only entitle the holder thereof to drive a tractor whilst it is being used solely for or in connection with bona fide farming operations of any bona fide farmer.

(2) No learner's or driver's licence referred to in subsection (1) shall be issued to an applicant therefor, unless the examiner for drivers' licences is satisfied that such applicant knows and understands such road traffic signs as, in the opinion of such examiner, are likely to be found in the magisterial districts referred to in subsection (1) (a).

(3) The registering authority shall, when issuing any learner's or driver's licence referred to in subsection (1), endorse on any such licence and enter in its records the special conditions to which it is subject.

(4) The Administrator may prescribe the duties to be performed or the information to be furnished by any person in relation to any learner's or driver's licence referred to in subsection (1).

(5) For the purposes of this section the words "bona fide farmer" shall include the South African Bantu Trust constituted under section 4 of the Bantu Trust and Land Act, 1936 (Act No. 18 of 1936), and the words "bona fide farming operations" shall include any activity of the South African Bantu Trust.

(6) Notwithstanding anything to the contrary contained in this Ordinance, the Administrator may direct where and by whom applicants shall be examined and tested for any licence referred to in this section and he may prescribe that such licence shall also authorize the holder to drive any other motor vehicle in such circumstances as he may determine.

(b) 'n Registrasie-owerheid teken in die register of rekord wat ingevolge paragraaf (a) deur hom gehou word, besonderhede aan van alle skuldigbevindings deur en bevele van enige hof wat 'n bestuurderslisensie raak, wat deur sodanige registrasie-owerheid uitgereik is, en van enige opskorting, intrekking of endossement van enige sodanige lisensie ingevolge of erken deur hierdie Ordonnansie waarvan hy kennis dra.

(5) Iedereen wat die bepalings van subartikel (2) oortree of versuim om daaraan te voldoen, is skuldig aan 'n misdryf.

(6) Iedereen wat opsetlik of nalatig 'n bestuurderslisensie uitreik of 'n endossement daarop aanbring in stryd met die bepalings van hierdie artikel, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens tweehonderd rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande of met sodanige boete sowel as sodanige gevangenisstraf.

66. (1) Ondanks daardie bepalings van artikel 63 betreffende padverkeerstekens en die bepalings van artikel 64 (4) (b), kan 'n persoon wat in die diens van 'n bona fide-boer is, ingevolge die bepalings van hierdie Hoofstuk, maar behoudens die bepalings van subartikel (2), 'n leerling- of bestuurderslisensie ten opsigte van 'n trekker verkry, onderworpe aan die volgende voorwaardes:

Spesiale leerling- of bestuurderslisensie vir trekker gebruik in verband met boerderybedrywighede.

(a) So 'n lisensie is net geldig in die landdrosdistrik of in die aangrensende landdrosdistrikte, hoogstens drie, ten opsigte waarvan die aansoeker aansoek gedoen het; en

(b) so 'n lisensie gee die houer daarvan net die reg om 'n trekker te bestuur terwyl dit uitersluitlik vir of in verband met bona fide-boerderybedrywighede van 'n bona fide-boer gebruik word.

(2) Geen leerling- of bestuurderslisensie in subartikel (1) genoem, word aan 'n aansoeker daarom uitgereik nie, tensy die toetsbeampte vir bestuurderslisensies oortuig is dat sodanige aansoeker die padverkeerstekens ken en verstaan wat, na die mening van sodanige toetsbeampte, waarskynlik aangetref sal word in die landdrosdistrikte in subartikel (1) (a) genoem.

(3) Wanneer die registrasie-owerheid 'n leerling- of bestuurderslisensie in subartikel (1) genoem, uitreik, endosseer hy op sodanige lisensie en skryf in sy rekords die spesiale voorwaardes waaraan dit onderworpe is.

(4) Die Administrateur kan voorskryf watter pligte 'n persoon moet uitvoer of watter inligting hy moet verstrek met betrekking tot 'n leerling- of bestuurderslisensie in subartikel (1) genoem.

(5) Vir die toepassing van hierdie artikel omvat die woorde „bona fide-boer” die Suid-Afrikaanse Bantoe-trust wat kragtens artikel 4 van die Bantoe-trust en -grond Wet, 1936 (Wet No. 18 van 1936), ingestel is en omvat die woorde „bona fide-boerderybedrywighede” enige bedrywigheid van die Suid-Afrikaanse Bantoe-trust.

(6) Ondanks andersluidende bepalings in hierdie Ordonnansie vervat, kan die Administrateur gelas waar en deur wie aansoekers ondervra en getoets moet word vir enige lisensie in hierdie artikel genoem en kan hy voorskryf dat sodanige lisensie die houer daarvan ook magtig om enige ander motorvoertuig in die omstandighede te bestuur wat hy bepaal.

Right of
appeal to
Adminis-
trator.

67. (1) Any person who is aggrieved at the refusal of—

- (a) an examiner for drivers' licences to issue to him a provisional certificate of competence or a certificate of competence; or
- (b) a registering authority to issue to him a learner's or driver's licence,

may, within twenty-one days of such refusal, lodge a written notice of appeal against any such refusal with the Administrator and such person shall at the same time serve a copy of such notice on the examiner for drivers' licences or on the registering authority concerned, as the case may be.

(2) After receipt of the copy of a notice referred to in subsection (1), the examiner for drivers' licences or the registering authority shall forthwith furnish the Administrator with his or its reasons for the refusal to which such notice refers.

(3) For the purpose of deciding an appeal in terms of subsection (1), the Administrator may appoint any person to examine and test the appellant as to his competency to drive the class of motor vehicle in issue and may, in addition, require either party to such appeal to furnish such information or evidence as he may deem expedient.

(4) The Provincial Secretary shall notify the parties concerned in writing of the result of an appeal in terms of subsection (1) and, if such appeal is allowed, the examiner for drivers' licences or the registering authority, as the case may be, shall give effect to the decision of the Administrator.

Circum-
stances in
which
licence
issued in
prescribed
or other
territory
authorizing
the driving
of a motor
vehicle or
international
driving per-
mit deemed
to be a
licence
under this
Chapter.

68. (1) Subject to the provisions of subsections (2) and (4)—

- (a) a licence authorizing the driving of a motor vehicle and issued in a prescribed territory while the holder thereof was not permanently resident in this Province;
- (b) an international driving permit issued while the holder thereof was not permanently resident in the Republic; or
- (c) a licence authorizing the driving of a motor vehicle and issued in any other country or territory while the holder thereof was not permanently resident in the Republic and which is in an official language of the Republic or to which is attached, in an official language of the Republic and issued by competent authority, either a certificate of authenticity and validity relating to such licence or a translation of such licence and if such licence contains the photograph and signature of the holder thereof,

shall, in respect of the class of motor vehicle to which such licence or permit relates and subject to the terms and conditions thereof, be deemed to be a licence under this Chapter: Provided that where such licence is a provisional licence it shall not authorize the driving of a public motor vehicle carrying passengers.

(2) (a) Where the holder of a licence referred to in subsection (1) (a) becomes permanently resident in this Province, such licence shall, after such holder has been so resident for a continuous period of six months, no longer be deemed to be a licence under this Chapter unless, when such licence was issued, it contained both the signature and photograph of the holder.

67. (1) Iedereen wat hom veronreg voel oor die weiering van—

Reg van
appel by
Admini-
strateur.

- (a) 'n toetsbeampte vir bestuurderslisensies om aan hom 'n voorlopige bevoegdheidsertifikaat of 'n bevoegdheidsertifikaat uit te reik; of

- (b) 'n registrasie-owerheid om aan hom 'n leerling- of bestuurderslisensie uit te reik,

kan, binne een-en-twintig dae van sodanige weiering, 'n skriftelike kennisgewing van appel teen enige sodanige weiering by die Administrateur indien en so iemand moet terselfdertyd 'n afskrif van sodanige kennisgewing aan die betrokke toetsbeampte vir bestuurderslisensies of registrasie-owerheid, na gelang van die geval, bestel.

(2) Na ontvangs van die afskrif van 'n kennisgewing in subartikel (1) genoem, verstrekk die toetsbeampte vir bestuurderslisensies of die registrasie-owerheid onverwyld aan die Administrateur sy redes vir die weiering waarop sodanige kennisgewing betrekking het.

(3) Ten einde 'n appel ingevolge subartikel (1) te beslis, kan die Administrateur 'n persoon benoem om die appellant te ondervra en te toets aangaande sy bekwaamheid om die betrokke klas motorvoertuig te bestuur en kan hy daarbenewens van iedere party by sodanige appel vereis om die inligting of getuienis te verstrek wat hy dienstig ag.

(4) Die Provinsiale Sekretaris stel die betrokke partye skriftelik in kennis van die uitslag van 'n appel ingevolge subartikel (1) en, indien sodanige appel slaag, moet die toetsbeampte vir bestuurderslisensies of die registrasie-owerheid, na gelang van die geval, aan die beslissing van die Administrateur uitvoering gee.

68. (1) Behoudens die bepalinge van subartikels (2) en (4), word—

Omstandig-
hede waarin
lisensie wat
in voorgeskrewe of
ander gebied
uitgereik is
en die bestuur van
'n motor-
voertuig magtig of
internasionele
bestuur-
permit geag
word 'n
lisensie
ingevolge
hierdie
Hoofstuk
te wees.

- (a) 'n lisensie wat die bestuur van 'n motorvoertuig magtig en wat in 'n voorgeskrewe gebied uitgereik is terwyl die houer daarvan nie permanent in hierdie Provinsie woonagtig was nie;

- (b) 'n internasionale bestuurpermit wat uitgereik is terwyl die houer daarvan nie permanent in die Republiek woonagtig was nie; of

- (c) 'n lisensie wat die bestuur van 'n motorvoertuig magtig en wat in enige ander land of gebied uitgereik is terwyl die houer daarvan nie permanent in die Republiek woonagtig was nie en wat in 'n amptelike taal van die Republiek is of waaraan aangeheg is, in 'n amptelike taal van die Republiek en uitgereik deur bevoegde gesag, of 'n sertifikaat van egtheid en geldigheid met betrekking tot sodanige lisensie of 'n vertaling van sodanige lisensie en indien sodanige lisensie die foto en handtekening van die houer daarvan bevat.

geag 'n lisensie ingevolge hierdie Hoofstuk te wees ten opsigte van die klas motorvoertuig waarop sodanige lisensie of permit betrekking het en onderworpe aan die bepalinge en voorwaardes daarvan: Met dien verstande dat, waar sodanige lisensie 'n voorlopige lisensie is, dit nie die bestuur van 'n openbare motorvoertuig wat passasiers vervoer, magtig nie.

(2) (a) Waar die houer van 'n lisensie in subartikel (1) (a) genoem, permanent in hierdie Provinsie woonagtig word, word sodanige lisensie, nadat sodanige houer vir 'n onafgebroke tydperk van ses maande aldus woonagtig was, nie langer geag 'n lisensie ingevolge hierdie Hoofstuk te wees nie tensy, toe sodanige lisensie uitgereik is, dit sowel die handtekening as die foto van die houer bevat het.

(b) At any time during the period of six months referred to in paragraph (a), the holder of a licence mentioned in that paragraph, not being a provisional licence, may apply on the prescribed form to the registering authority in whose area he is permanently resident for a driver's licence, and for this purpose he shall surrender to such registering authority the licence issued to him in the prescribed territory and submit to such registering authority two photographs of himself complying with the provisions of section 62 (3) (b).

(c) On receipt of the surrendered licence, photographs and form referred to in paragraph (b), the registering authority shall, notwithstanding anything to the contrary contained in this Chapter, but subject to the provisions of section 61, issue to the person concerned, free of charge, a driver's licence on the prescribed form in respect of the class of motor vehicle which the registering authority, having regard to the surrendered licence, deems most appropriate and such registering authority shall—

- (i) endorse on such driver's licence a copy of every endorsement lawfully made upon the licence surrendered in terms of paragraph (b), unless such endorsement has lapsed in terms of section 72 or otherwise;
- (ii) record on such driver's licence, as a condition of such licence, any endorsement similar to an endorsement referred to in section 65 (3) (b), if it considers it expedient to do so;
- (iii) affix on such driver's licence, in the space provided therefor, one of such photographs and the applicant shall sign both the driver's licence and the counterfoil or duplicate thereof in the presence of the person acting on behalf of the registering authority; and
- (iv) cancel and retain such surrendered licence and advise the competent authority which issued such surrendered licence of such cancellation:

Provided that if it is necessary for the registering authority to issue more than one driver's licence to replace the surrendered licence, the person concerned shall submit such further copies of his photograph as may be required.

(3) Any person who is the holder of an international driving permit, or who was the holder of any such permit may, during the currency of such permit or within a period of six months from the date of the expiration of such permit, and if he has become permanently resident in this Province, apply to the registering authority in whose area he is so resident, for a driver's licence and for this purpose the provisions of subsection (2) (b) and (c) shall apply *mutatis mutandis*, except that it shall not be necessary to advise the competent authority which issued such permit of such cancellation.

(4) (a) Where the holder of a licence referred to in subsection (1) (c) becomes permanently resident in this Province, such licence shall, after such holder has been so resident for a continuous period of six months, no longer be deemed to be a licence under this Chapter.

(b) At any time during the period of six months referred to in paragraph (a), the holder of a licence mentioned in that paragraph, not being a provisional licence, may apply to the registering

(b) Die houer van 'n lisensie in paragraaf (a) genoem, wat nie 'n voorlopige lisensie is nie, kan te eniger tyd gedurende die tydperk van ses maande in bedoelde paragraaf genoem, by die registrasie-owerheid in wie se gebied hy permanent woonagtig is, op die voorgeskrewe vorm om 'n bestuurderslisensie aansoek doen, en vir hierdie doel moet hy aan sodanige registrasie-owerheid die lisensie oorlewer wat in die voorgeskrewe gebied aan hom uitgereik is en by sodanige registrasie-owerheid twee foto's van homself indien wat aan die bepalings van artikel 62 (3) (b) voldoen.

(c) By ontvangs van die oorgelewerde lisensie, foto's en vorm in paragraaf (b) genoem, reik die registrasie-owerheid, ondanks andersluidende bepalings in hierdie Hoofstuk vervat, maar behoudens die bepalings van artikel 61, kosteloos aan die betrokke persoon 'n bestuurderslisensie op die voorgeskrewe vorm uit ten opsigte van die klas motorvoertuig wat die registrasie-owerheid, met inagneming van die oorgelewerde lisensie, die toepaslikste ag en sodanige registrasie-owerheid—

- (i) endosseer op sodanige bestuurderslisensie 'n afskrif van elke endossement wat wettiglik aangebring is op die lisensie wat ingevolge paragraaf (b) oorgelewer is, tensy sodanige endossement ingevolge artikel 72 of andersins verval het;
- (ii) skryf op sodanige bestuurderslisensie, as 'n voorwaarde van sodanige lisensie, enige endossement soortgelyk aan 'n endossement in artikel 65 (3) (b) genoem, indien hy dit dienstig ag om dit te doen;
- (iii) heg aan sodanige bestuurderslisensie, in die ruimte daarvoor voorsien, een van sodanige foto's aan en die aansoeker onderteken sowel die bestuurderslisensie as die teenblad of duplikaat daarvan in die teenwoordigheid van die persoon wat namens die registrasie-owerheid optree; en
- (iv) trek sodanige oorgelewerde lisensie in en behou dit en stel die bevoegde gesag wat sodanige oorgelewerde lisensie uitgereik het, van sodanige intrekking in kennis:

Met dien verstande dat as dit vir die registrasie-owerheid nodig is om meer as een bestuurderslisensie uit te reik om die oorgelewerde lisensie te vervang, die betrokke persoon nog soveel afdrucke van sy foto moet indien as wat nodig is.

(3) Iedereen wat die houer van 'n internasionale bestuurpermit is, of wat die houer van so 'n permit was, kan gedurende die geldigheidsduur van sodanige permit of binne 'n tydperk van ses maande vanaf die datum waarop sodanige permit verval het, en as hy permanent in hierdie Provinsie woonagtig geword het, by die registrasie-owerheid in wie se gebied hy aldus woonagtig is, om 'n bestuurderslisensie aansoek doen en vir hierdie doel is die bepalings van subartikel (2) (b) en (c) *mutatis mutandis* van toepassing, behalwe dat dit nie nodig is om die bevoegde gesag wat sodanige permit uitgereik het, van sodanige intrekking in kennis te stel nie.

(4) (a) Waar die houer van 'n lisensie in subartikel (1) (c) genoem, permanent in hierdie Provinsie woonagtig word, word sodanige lisensie, nadat sodanige houer vir 'n onafgebroke tydperk van ses maande aldus woonagtig was, nie langer geag 'n lisensie ingevolge hierdie Hoofstuk te wees nie.

(b) Op enige tydstip gedurende die tydperk van ses maande in paragraaf (a) genoem, kan die houer van 'n lisensie in bedoelde paragraaf genoem, wat nie 'n voorlopige lisensie is nie, by die registrasie-owerheid in wie se gebied hy

authority in whose area he is permanently resident for a driver's licence and for this purpose the provisions of subsection (2) (b) and (c) shall apply *mutatis mutandis*, except that it shall not be necessary to advise the competent authority which issued such first-mentioned licence of its cancellation.

Power of South African Railways and Harbours Administration to issue a licence authorizing the driving of a motor vehicle.

69. (1) Notwithstanding anything to the contrary contained in this Chapter, any person who is in the service of the State as an employee of the South African Railways and Harbours Administration may, if he is not disqualified in terms of section 61 from obtaining or holding a learner's or driver's licence and subject to the provisions of subsection (2), be issued by such Administration with a licence authorizing the driving of a motor vehicle in such form and subject to such conditions as the Administrator may approve.

(2) Any licence issued in terms of subsection (1) shall only entitle the holder thereof to drive a motor vehicle owned by the State and in the execution of his duties on behalf of the State.

Suspension or cancellation by the Administrator of licence authorizing the driving of a motor vehicle.

70. (1) Where, in the opinion of the Administrator, the holder of a learner's or driver's licence is disqualified from holding such licence in terms of section 61, the Administrator shall cancel such licence.

(2) Where, in the opinion of the Administrator, the holder of a learner's or driver's licence or of any other licence authorizing him to drive a motor vehicle in terms of this Chapter, would constitute a source of danger to the public while driving a motor vehicle on a public road, the Administrator may cancel or suspend any such licence: Provided that any licence which is an international driving permit shall not be cancelled by the Administrator.

(3) For the purposes of subsection (1) or (2), the Administrator may request the holder of a licence referred to in those subsections, to submit himself within such period as the Administrator may determine—

- (a) to an examination and a test by one or more examiners for drivers' licences nominated by the Administrator, as to such holder's competence to drive and control a motor vehicle of the class to which his licence relates;
- (b) to an examination by a medical practitioner nominated by the Administrator, as to such holder's physical and mental fitness to drive a motor vehicle; or
- (c) to both such examinations and test.

(4) The cost of any examination referred to in subsection (3) (b), shall be a charge against the Provincial Revenue Fund.

(5) If any person fails to comply with a request in terms of subsection (3), the Administrator may forthwith suspend or cancel, as the case may be, the licence concerned.

(6) The suspension or cancellation of a licence in terms of this section shall apply to any other licence held by the holder of such suspended or cancelled licence and recognized under this Chapter as a valid licence, as the Administrator may determine.

(7) Any person whose licence has been suspended or cancelled in terms of this section shall forthwith deliver such licence to the Provincial

permanent woonagtig is, om 'n bestuurderslisensie aansoek doen en vir hierdie doel is die bepalinge van subartikel (2) (b) en (c) *mutatis mutandis* van toepassing, behalwe dat dit nie nodig is om die bevoegde gesag wat sodanige eersgenoemde lisensie uitgereik het, van die intrekking daarvan in kennis te stel nie.

69. (1) Ondanks andersluidende bepalinge in hierdie Hoofstuk vervat, kan aan iedereen wat in die diens van die Staat is as 'n werknemer van die Administrasie van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens, indien hy nie ingevolge artikel 61 onbevoeg is om 'n leerling- of bestuurderslisensie te verkry of te hou nie, en behoudens die bepalinge van subartikel (2), deur sodanige Administrasie 'n lisensie in die vorm en onderworpe aan die voorwaardes wat die Administrateur goedkeur, uitgereik word wat die bestuur van 'n motorvoertuig magtig.

Bevoegdheid van Administrasie van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens om 'n lisensie uit te reik wat die bestuur van 'n motorvoertuig magtig.

(2) 'n Lisensie ingevolge subartikel (1) uitgereik, gee aan die houër daarvan net die reg om 'n motorvoertuig te bestuur wat aan die Staat behoort, en in die uitvoering van sy pligte ten behoeve van die Staat.

70. (1) Waar die houër van 'n leerling- of bestuurderslisensie, na die mening van die Administrateur, onbevoeg is om sodanige lisensie ingevolge artikel 61 te hou, trek die Administrateur sodanige lisensie in.

Opskorting of intrekking deur die Administrateur van lisensie wat die bestuur van 'n motorvoertuig magtig.

(2) Waar die houër van 'n leerling- of bestuurderslisensie of van enige ander lisensie wat hom magtig om 'n motorvoertuig ingevolge hierdie Hoofstuk te bestuur, na die mening van die Administrateur, 'n bron van gevaar vir die publiek sou uitmaak terwyl hy 'n motorvoertuig op 'n openbare pad bestuur, kan die Administrateur sodanige lisensie intrek of opskort: Met dien verstande dat 'n lisensie wat 'n internasionale bestuurpermit is, nie deur die Administrateur ingetrek mag word nie.

(3) Vir die toepassing van subartikel (1) of (2) kan die Administrateur die houër van 'n lisensie, in bedoelde subartikels genoem, versoek om hom binne die tydperk wat die Administrateur bepaal, te onderwerp—

- (a) aan 'n ondervraging en toets deur een of meer toetsbeampies vir bestuurderslisensies deur die Administrateur benoem om sodanige houër se bevoegdheid vas te stel om 'n motorvoertuig van die klas waarop sy lisensie betrekking het, te bestuur en te beheer;
- (b) aan 'n ondersoek deur 'n geneesheer, deur die Administrateur benoem, om sodanige houër se liggaamlike en geestelike geskiktheid vas te stel om 'n motorvoertuig te bestuur; of
- (c) aan sodanige ondervraging, ondersoek en toets.

(4) Die koste van enige ondersoek in subartikel (3) (b) genoem, word teen die Provinsiale Inkomstefonds in rekening gebring.

(5) As iemand versuim om te voldoen aan 'n versoek ingevolge subartikel (3), kan die Administrateur onverwyld die betrokke lisensie opskort of intrek, na gelang van die geval.

(6) Die opskorting of intrekking van 'n lisensie ingevolge hierdie artikel, is van toepassing op enige ander lisensie wat deur die houër van sodanige opgeskorte of ingetrekke lisensie gehou en ingevolge hierdie Hoofstuk as 'n geldige lisensie erken word, al na die Administrateur bepaal.

(7) Iedereen wie se lisensie ingevolge hierdie artikel opgeskort of ingetrek is, moet sodanige lisensie onverwyld aan die Provinsiale Sekretaris

Secretary, who shall notify the competent authority which issued such licence of the action taken in respect thereof in terms of this section, where such competent authority is within this Province or a prescribed territory.

(8) The Administrator may, where he deems it expedient and on such conditions as he may deem fit, reinstate a licence suspended in terms of this section, whereupon the Provincial Secretary shall notify the competent authority which issued such licence of such reinstatement, where such competent authority is within this Province or a prescribed territory.

(9) The Administrator may, where he deems it expedient and on such conditions as he may deem fit, authorize a person whose licence has been cancelled in terms of this section to apply for a learner's and a driver's licence.

(10) Any person who contravenes or fails to comply with the provisions of subsection (7) or a condition imposed in terms of subsection (8) shall be guilty of an offence.

Power of Administrator in relation to suspended licence or person subject to disqualification.

71. (1) The Administrator may, if he deems it expedient and on such conditions as he may deem fit, cancel any suspension of a licence authorizing the driving of a motor vehicle in this Province, where such suspension has been imposed as a result of a conviction by a court within this Province.

(2) The Administrator may, if he deems it expedient and on such conditions as he may deem fit, declare that any person who is subject to any disqualification referred to in section 61 (b) or (d) shall no longer be subject to any such disqualification.

(3) Any person who fails to comply with any condition referred to in subsection (1) or (2) shall be guilty of an offence.

Lapsing of endorsements on licence.

72. (1) An endorsement pursuant to any order of a court on any licence authorizing the driving of a motor vehicle under this Chapter shall lapse after the expiry of a period of three years from the date upon which such endorsement was made, if during such period no further endorsement has been made on such licence: Provided that no period of suspension of such licence shall be included in the calculation of the period of three years.

(2) Where, in relation to a driver's licence, all endorsements have lapsed in terms of subsection (1), the registering authority which issued such licence may, upon application on the prescribed form and the submission of two photographs of himself complying with the provisions of section 62 (3) (b) by the holder thereof and upon payment to such authority of the fee provided for in section 65 (1) (c), issue to such holder a driver's licence free from any such endorsements.

Instructors of learner-drivers to obtain a certificate from registering authority and right of appeal in case of refusal.

73. (1) No person shall for reward, instruct or supervise any other person in the driving of a motor vehicle on a public road unless he holds a certificate (in this section referred to as an instructor's certificate) issued to him by a registering authority.

(2) A person desiring to obtain an instructor's certificate shall apply to a registering authority on the prescribed form.

